PATIENT INFORMATION LEAFLET

SCHEDULING STATUS: S3

NASACOR® T 55 µg nasal spray, suspension

Triamcinolone acetonide

Read all of this leaflet carefully before you start using NASACOR T.

- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- If you have any further questions, please ask your doctor, pharmacist, nurse or other health care provider.
- NASACOR T has been prescribed for you personally and you should not share your medicine with other people. It may harm them, even if their symptoms are the same as yours.

What is in this leaflet

1. What NASACOR T is and what it is used for
2. What you need to know before you use NASACOR T
3. How to use NASACOR T
4. Possible side effects
5. How to store NASACOR T
6. Contents of the pack and other information.

1. What NASACOR T is and what it is used for

NASACOR T contains the active ingredient triamcinolone acetonide. Triamcinolone acetonide belongs to a group of medicines called corticosteroids.

NASACOR T is used for the preventative treatment of seasonal and perennial (persistent) allergic rhinitis (hay fever) symptoms in adults and children over 2 years of age.

2. What you need to know before you use NASACOR T

Do not use or give your child NASACOR T:

- if you are hypersensitive (allergic) to triamcinolone acetonide or any of the other ingredients of NASACOR T (listed in section 6);
- if your child is below the age of 2 years.

Warnings and precautions

Take special care with NASACOR T:

- if you have noticed growth suppression in your child or teenager on any other corticosteroid;
- if you or your child is taking other corticosteroids in combination with NASACOR T spray, as it could increase the suppression of other important hormones in the body;
- if you are switching from other corticosteroids taken orally to NASACOR T nasal spray only, as it can be accompanied by signs of steroid hormone insufficiency and symptoms of withdrawal, e.g. joint and/or muscle pains, lack of energy and depression;
- if you previously took oral corticosteroids and have been switched to NASACOR T nasal spray, your doctor will carefully monitor your adrenal gland (a gland that produces steroid hormones) function in response to stress;
- if you suffer from asthma or other conditions requiring your treatment with oral corticosteroids, a too rapid decrease in corticosteroids taken orally, may cause severe worsening of symptoms;
- if you take very high doses of corticosteroids to suppress your immune system, you should take special care not to be exposed to chickenpox and measles. If you are susceptible to these, your doctor may prescribe specific medications to reduce your risk;
- if you present with yeast infections (with *Candida albicans*) of the nose and throat, as this may occur. When such an infection develops your doctor may treat it with appropriate local or oral (systemic) therapy and discontinue NASACOR T nasal spray;
- if you have active or inactive tuberculous (TB) infections of the respiratory tract (airways);
- if you have untreated fungal, bacterial, or systemic viral infections;
- if you have a herpes simplex viral infection of the eye (ocular herpes);
- if you have recently experienced ulcers (sores) of the wall between your two nostrils, surgery of

the nose, or trauma to the nose, as NASACOR T nasal spray, may inhibit wound healing (nasal wall perforations have been reported in rare cases);

- if you use NASACOR T nasal spray at excessive doses, as this may lead to systemic (general) side effects. In such cases, your doctor will slowly reduce the dose of NASACOR T, and discontinue the use thereof;
- if you use NASACOR T nasal spray for a prolonged duration, systemic absorption can occur and the sudden discontinuation can increase the risk of the recurrence of the underlying disease, adrenocortical insufficiency or steroid withdrawal syndrome. Signs and symptoms may include: muscle pain, tremors, weight loss, anxiety, nasal bleeding or nasal drip;
- if you have a history of increased pressure in the eye(s), glaucoma and/or cataracts or you experience visual disturbance or blurred vision with the use of NASACOR T. Referral to an ophthalmologist may be necessary to evaluate the possible causes.

Children

Do not give NASACOR T nasal spray to children younger than 2 years.

Growth retardation has been reported in children receiving nasal corticosteroids, including NASACOR T at licensed doses. Regular monitoring of the height of children receiving treatment with nasal corticosteroids is recommended and the lowest dose at which effective control of symptoms is maintained should be used.

Other medicines and NASACOR T

Always tell your health care provider if you are taking any other medicine (this includes all complementary or traditional medicines).

Some medicines may increase the effects of NASACOR T and your doctor may wish to monitor you carefully if you are taking these medicines (including some medicines for human immunodeficiency virus infection [HIV], such as cobicistat).

Pregnancy, breastfeeding and fertility

If you are pregnant or breastfeeding, think you may be pregnant or are planning to have a baby,

please consult your doctor, pharmacist or other health care provider for advice before using this medicine.

Do not take NASACOR T if you are pregnant as it may harm your baby. Do not use NASACOR T if you are breastfeeding.

Driving and using machines

NASACOR T has no or negligible influence on the ability to drive or use machines. However, do not drive a car or operate machinery until you know how NASACOR T affects you.

NASACOR T contains benzalkonium chloride

Benzalkonium chloride is a preservative. Benzalkonium chloride may cause irritation or swelling inside the nose, especially if used for a long time.

3. How to use NASACOR T

Do not share medicines prescribed for you with any other person.

Always use NASACOR T exactly as your doctor, pharmacist or nurse has told you. Check with your doctor or pharmacist if you are not sure.

Adults and children 12 years of age and older:

The usual starting dose is two (2) sprays in each nostril once daily.

Once the symptoms of allergy are under control, your doctor may reduce the dose to one (1) spray in each nostril once daily to maintain control of your hay fever (allergic rhinitis) symptoms.

You will be provided with a check-off form to track usage of the product.

Children 6 to 12 years:

The usual dose is one (1) spray in each nostril once daily. In children with more severe symptoms, two (2) sprays in each nostril once daily may be used. Once the symptoms are controlled, the child’s symptoms should be maintained on the lowest effective dose.

Children 2 to 5 years:

The usual dose is one (1) spray in each nostril once daily.

Continuous use beyond 3 months in children under 12 years is not recommended.

Your doctor, pharmacist or nurse may assess your response to NASACOR T within the first three to four days of treatment and periodically until your symptoms have stabilised. If you do not experience adequate relief of your symptoms after three weeks of treatment with NASACOR T nasal spray, your doctor may discontinue NASACOR T and prescribe an alternative treatment.

Your doctor will tell you how long your treatment with NASACOR T will last. If you have the impression that the effect of NASACOR T is too strong or too weak, talk to your doctor or pharmacist.

How to use the spray

NASACOR T nasal spray is applied to the inside of the nose, into each nostril. Each actuation delivers 55 µg triamcinolone acetonide from the nasal actuator to the patient after an initial priming of 5 sprays. The product will remain adequately primed for 2 weeks. If the product is not used for more than 2 weeks, then it can be adequately primed with one spray.

After the initial 5 priming sprays, there are at least 120 actuations in one NASACOR T nasal spray bottle. After 120 actuations, the amount of triamcinolone acetonide delivered per actuation may not be consistent and the unit should be discarded.

Do not exceed the prescribed dosage.

Shake the bottle well before each use because NASACOR T is a viscous formulation. Please refer to the illustrated Patient's Instructions inside the package of NASACOR T nasal spray for instructions.

If you use more NASACOR T than you should

In the event of overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact the nearest hospital or poison centre.

Chronic usage at very high doses of NASACOR T may lead to the appearance of signs related to hormonal imbalances.

If such changes occur, your health care provider will discontinue the use of NASACOR T, slowly.

If you forget to use NASACOR T

If you forgot to use a dose of this medicine, use it as soon as you remember. If it is nearly time for your next dose, skip the missed dose and go back to your usual dosing schedule.

Do not use a double dose to make up for forgotten individual doses.

If you stop using NASACOR T

If you stop using this medicine, your symptoms may return within a few days. If you experience any side effects (withdrawal symptoms) after stopping this medicine suddenly after prolonged use, talk to your doctor.

4. Possible side effects

NASACOR T can have side effects.

Not all side effects reported for NASACOR T are included in this leaflet. Should your or your child's general health worsen or if you or your child experiences any untoward effects while using NASACOR T, please consult your health care provider for advice.

If any of the following happens, stop using NASACOR T and tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital:

- swelling of the hands, feet, ankles, face, lips, tongue or throat which may cause difficulty in swallowing and breathing;
- rash or itching;
- fainting.

These are all serious side effects. If you have them, you may have had a reaction to NASACOR T. You may need urgent medical attention or hospitalisation.

Tell your doctor if you notice any of the following:

Common side effects:

- irritation and swelling of the inside of the nose (rhinitis);
- sore throat (pharyngitis);
- flu symptoms;
- headache;
- nosebleed (epistaxis);
- cough;
- inflammation of the airways (bronchitis);
- indigestion (dyspepsia);
- tooth disorder.

Rare side effects:

- perforations of the wall (septum) inside the nose.

Side effects with an unknown frequency:

- difficulty in sleeping (insomnia);
- dizziness;
- changes in taste and smell;
- blurred vision;
- cloudiness of the lens of the eye (cataract);
- increased pressure in the eye (glaucoma);
- lesions of the retina (back of the eyeball) (chorioretinopathy);
- nasal irritation;
- dry mucous membranes;
- nasal congestion;
- sneezing;
- difficulty in breathing (dyspnoea);
- feeling sick (nausea);

- feeling tired;
- symptoms of withdrawal of steroid hormones;
- decreased blood levels stress hormone (cortisol).

Additional side effects in children:

- reduction of growth.

If you notice any side effects not mentioned in this leaflet, please inform your doctor or pharmacist.

Reporting of side effects

If you or your child gets side effects, talk to your doctor, pharmacist or nurse. You can also report side effects to:

- SAHPRA via the Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) and eReporting platform (who-umc.org) found on SAHPRA website or
- The Pharmacovigilance Unit at CFAO at chcsa-za-safety@cfao.com.

By reporting side effects, you can help provide more information on the safety of NASACOR T.

5. How to store NASACOR T

- Store all medicines out of reach of children.
- Store at or below 25 °C.
- Do not use after the expiry date stated on the container.
- Do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems (e.g. toilets).
- Return all unused medicine to your pharmacist.

6. Contents of the pack and other information

What NASACOR T contains

Each bottle of NASACOR T contains 16,5 g of suspension (with 9,075 mg triamcinolone acetonide).

One delivered dose contains 55 micrograms of triamcinolone acetonide.

The other ingredients are polysorbate 80, microcrystalline cellulose and carboxymethylcellulose sodium, anhydrous dextrose, disodium edetate, hydrochloric acid (for pH adjustment), sodium hydroxide (for pH adjustment) and purified water.
NASACOR T also contains the preservative benzalkonium chloride solution.

What NASACOR T looks like and contents of the pack

NASACOR T nasal spray is a metered-dose pump spray formulation unit containing a microcrystalline suspension of triamcinolone acetonide in a viscous aqueous medium.
NASACOR T is packed as a white high-density polyethylene (HDPE) bottle fitted with a metered dose spray pump unit, placed in an outer carton. Each bottle contains 16,5 g of suspension, providing 120 actuations.

Holder of Certificate of Registration

CFAO Healthcare South Africa (Pty) Ltd.
Atrium on 5th, 6th Floor, Sandton City,
Corner Maude and 5" Street,
Sandton,
Gauteng, 2146

This leaflet was last revised in

23 October 2023

Registration number

29/21.5.1/0715

Date of registration

12 July 1996

NAMIBIA

Scheduling status: NS2

Registration number: 04/21.5.1/0378

PASIËNTINLIGTINGSBLAD

SKEDULERINGSTATUS: S3

NASACOR® T 55 µg neussproei, suspensie

Triamsinoloonasetonied

Lees hierdie inligtingsblad noukeurig deur voordat jy begin om NASACOR T te gebruik.

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees om dit later weer te lees.
- Indien jy enige verdere vrae het, vra asseblief jou dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgverskaffer.
- NASACOR T is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moenie jou medisyne met ander persone deel nie. Dit kan skadelik wees vir hulle, al is hulle simptome dieselfde as joune.

Wat is in hierdie inligtingsblad

1. Wat is NASACOR T en waarvoor word dit gebruik
2. Wat jy moet weet voordat jy NASACOR T gebruik
3. Hoe om NASACOR T te gebruik
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om NASACOR T te bewaar
6. Inhoud van die verpakking en ander inligting.

1. Wat is NASACOR T en waarvoor word dit gebruik

NASACOR T bevat die aktiewe bestanddeel triamsinoloonasetonied. Triamsinoloonasetonied behoort aan ’n groep medisynes genaamd kortikosteroïede.

NASACOR T word gebruik vir die voorkomende behandeling van simptome van seisoenale en langdurige (volgehoue) allergiese rinitis (hooikoors) by volwassenes en kinders ouer as 2 jaar.

2. Wat jy moet weet voordat jy NASACOR T gebruik

Moenie NASACOR T gebruik of vir jou kind gee nie:

- indien jy hipersensitief (allergies) vir triamsinoloonasetonied of vir enige van die ander bestanddele van NASACOR T is (gelys by afdeling 6);
- indien jou kind jonger as 2 jaar oud is.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Neem spesiale sorg met NASACOR T:

- indien jy met die gebruik van enige ander kortikosteroïed onderdrukking van jou kind of tienderjarige se groei opgemerk het;
- indien jy of jou kind ander kortikosteroïede in kombinasie met NASACOR T-sproei gebruik, want dit kan die onderdrukking van ander belangrike hormone in die liggaam onderdruk;
- indien jy oorskakel vanaf ander kortikosteroïede wat mondeliks geneem word na slegs NASACOR T-neussproei, want dit kan gepaard gaan met tekens van steroïedhormoon-ontoereikendheid en simptome van onttrekking, bv. gewrigspyn en/of spierpyn, gebrek aan energie en terneergedruktheid;
- indien jy voorheen mondelikse kortikosteroïede geneem het en na NASACOR T-neussproei oorgeskakel is, gaan jou dokter jou bynier (’n klier wat steroïedhormone produseer) se werking in reaksie op stres noukeurig monitor;
- indien jy aan asma of ander toestande ly wat vereis dat jy met mondelikse kortikosteroïede behandel word, kan ’n te vinnige vermindering van kortikosteroïede wat mondeliks geneem word, hewige verergering van simptome veroorsaak;
- indien jy baie hoë dosisse kortikosteroïede neem om jou immuunstelsel te onderdruk, moet jy spesiale sorg neem om nie aan waterpokkies en masels blootgestel te word nie. Indien jy vatbaar hiervoor is, kan jou dokter spesifieke medisynes voorskryf om jou risiko te verlaag;
- indien jy swaminfeksies (met *Candida albicans*) van die neus en keel kry, want dit kan voorkom. Wanneer so ’n infeksie ontwikkel, kan jou dokter dit met toepaslike plaaslike of mondelikse (sistemiese) terapie behandel en die gebruik van NASACOR T-neussproei staak;
- indien jy aktiewe of onaktiewe tuberkuleuse (TB) infeksies van die respiratoriese kanaal (lugweë) het;

- indien jy onbehandelde swam-, bakteriële of sistemiese virusinfeksies het;
- indien jy ’n herpes simplex-virusinfeksie van die oog het (okulêre herpes);
- indien jy onlangs ulkusse (sere) van die wand tussen die twee neusgange gehad het, ’n neusoperasie, of besering aan die neus gehad het, aangesien NASACOR T-neussproei wondgenesing kan onderdruk (perforasies van die wand wat die twee neusgange van mekaar skei is in seldsame gevalle gerapporteer);
- indien jy NASACOR T-neussproei teen oormatige dosisse gebruik, want dit kan tot sistemiese (algemene) newe-effekte lei. In sulke gevalle gaan jou dokter die dosis van NASACOR T stadig verlaag, en dan die gebruik daarvan staak;
- indien jy NASACOR T-neussproei langdurig gebruik, kan sistemiese absorpsie voorkom en skielike staking kan die risiko verhoog van terugkeer van die onderliggende siekte, adrenokortikale ontoereikendheid of steroïedonttrekkingsindroom. Tekens en simptome kan insluit: spierpyn, tremore, gewigsverlies, angstigheid, neusbloeding of nasale drup;
- indien jy ’n geskiedenis van verhoogde druk in die oog/oë, gloukoom en/of katarakte het of jy ervaar visuele versteurings of dowwe visie met die gebruik van NASACOR T. Dit mag nodig wees dat jy na ’n oogarts (oftalmoloog) verwys word om die moontlike oorsake te evalueer.

Kinders

Moenie NASACOR T-neussproei vir kinders jonger as 2 jaar gee nie.

Groeivertraging is gerapporteer by kinders wat nasale kortikosteroïede, insluitende NASACOR T, teen gelisensieerde dosisse ontvang. Kinders wat behandeling met nasale kortikosteroïede ontvang se lengte moet gereeld gemonitor word en die laagste dosis moet gebruik word waarby effektiewe beheer van die simptome in stand gehou word.

Ander medisynes en NASACOR T

Sê altyd vir jou gesondheidsorgverskaffer indien jy enige ander medisyne neem (dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisynes in).

Sommige medisynes kan die effekte van NASACOR T versterk en jou dokter kan besluit om jou streng te monitor indien jy hierdie medisynes neem (insluitende party medisynes vir infeksie met

menslike immuniteitsgebrekvirus [MIV], soos kobisistat).

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, vermoed dat jy swanger mag wees of beplan om swanger te raak, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of gesondheidsorgverskaffer voordat jy hierdie medisyne gebruik.

Moenie NASACOR T neem indien jy swanger is nie, want dit kan skadelik vir jou baba wees. Moenie NASACOR T neem indien jy borsvoed nie.

Bestuur en gebruik van masjiene

NASACOR T het geen of onbeduidende uitwerking op die vermoë om ’n voertuig te bestuur of masjiene te gebruik. Moet egter nie ’n voertuig bestuur of masjinerie hanteer nie, totdat jy weet tot watter mate NASACOR T jou affekteer.

NASACOR T bevat bensalkoniumchloried

Bensalkoniumchloried is ’n preserveermiddel. Bensalkoniumchloried kan irritasie of swelling binne in die neus veroorsaak, veral as dit vir ’n lang tyd gebruik is.

3. Hoe om NASACOR T te gebruik

Moenie medisynes wat vir jou voorgeskryf is, met enigiemand anders deel nie.
Neem NASACOR T altyd presies soos wat jou dokter, apteker of verpleegkundige vir jou gesê het.
Vra gerus jou dokter of apteker indien jy onseker is.

Volwassenes en kinders 12 jaar en ouer:

Die gebruiklike aanvangsdosis is twee (2) sproeie in elke neusgang een keer daagliks.
Sodra die allergiesimptome onder beheer is, kan jou dokter die dosis verlaag na een (1) spuit in elke neusgang een keer daagliks om die simptome van jou hooikoors (allergiese rinitis) onder beheer te hou.

Jy gaan ’n afmerklysie ontvang om gebruik van die produk te monitor.

Kinders 6 tot 12 jaar oud:

Die gebruiklike dosis is een (1) spuit in elke neusgang een keer daagliks. By kinders met hewiger simptome, kan twee (2) spuite in elke neusgang een keer daagliks gebruik word. Sodra die simptome onder beheer is, moet die kind se simptome onder beheer gehou word met die laagste dosis wat effektief is.

Kinders 2 tot 5 jaar oud:

Die gebruiklike dosis is een (1) spuit in elke neusgang een keer daagliks.

Aaneenlopende gebruik vir langer as 3 maande by kinders jonger as 12 jaar, word nie aanbeveel nie.

Jou dokter, apteker of verpleegkundige kan jou reaksie op NASACOR T binne die eerste drie tot vier dae van behandeling en periodies daarna assesseer, totdat jou simptome gestabiliseer het. Indien jy nie voldoende verligting van jou simptome ervaar ná drie weke se behandeling met NASACOR T-neussproei nie, kan jou dokter NASACOR T staak en alternatiewe behandeling voorskryf.

Jou dokter sal vir jou sê hoe lank jou behandeling met NASACOR T gaan duur. Indien jy die indruk kry dat die effek van NASACOR T te sterk of te swak is, bespreek dit met jou dokter of apteker.

Hoe om die sproei te gebruik

NASACOR T-neussproei word aan die binnekant van die neus aangewend, in elke neusgang in. Elke aktuasie (druk) lewer 55 µg triamsinoloonasetonied uit die spuitpomp aan die pasiënt ná ’n aanvanklike voorbereiding van 5 spuite. Die produk gaan vir 2 weke voldoende voorbereid bly. Indien die produk vir langer as 2 weke nie gebruik word nie, kan dit dan met een spuit voldoende voorberei word.

Ná die aanvanklike voorbereiding deur middel van 5 spuite, is daar ten minste 120 aktuasies in een

bottel NASACOR T-neussproei. Ná 120 aktuasies, is die hoeveelheid triamsinoloonasetonied wat per aktuasie gelewer word nie noodwendig dieselfde nie en die eenheid moet weggedoen word.
Moenie die voorgeskrewe dosis oorskry nie.
Skud die bottel deeglik elke keer voor gebruik want NASACOR T is ’n viskeuse formulering. Verwys asseblief na die geïllustreerde Pasiëntaanwysings in die verpakking van NASACOR T-neussproei vir gebruiksaanwysings.

Indien jy meer NASACOR T gebruik as wat jy moet

In geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.
Chroniese gebruik van baie hoë dosisse NASACOR T kan lei tot die verskyning van tekens wat verband hou met hormonale wanbalanse.
Indien sulke veranderings voorkom, gaan jou gesondheidsorgverskaffer jou geleidelik laat ophou om NASACOR T te gebruik.

Indien jy vergeet om NASACOR T te gebruik

Indien jy vergeet om ’n dosis van hierdie medisyne te gebruik, gebruik dit sodra jy onthou. Indien dit byna tyd is vir jou volgende dosis, slaan die dosis wat jy vergeet het oor en gaan dan aan met jou gewone doseringskedule.
Moenie ’n dubbele dosis gebruik om te vergoed vir die individuele dosisse wat oorgeslaan is nie.

Indien jy ophou om NASACOR T te gebruik

Indien jy ophou om hierdie medisyne te gebruik, kan jou simptome binne ’n paar dae terugkeer. Indien jy enige newe-effekte (onttrekkingsimptome) ervaar as jy hierdie medisyne ná langdurige gebruik meteens gestaak het, bespreek dit met jou dokter.

4. Moontlike newe-effekte

NASACOR T kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir NASACOR T gerapporteer is, word in hierdie inligtingsblad ingesluit nie.

Indien jou of jou kind se algemene gesondheid sou verswak of indien jy of jou kind enige ongunstige effekte ondervind terwyl NASACOR T gebruik word, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer.

Indien enige van die volgende voorkom, hou op om NASACOR T te gebruik en sê onmiddellik vir jou dokter of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, tong of keel, wat probleme met sluk en asemhaling kan veroorsaak;
- uitslag of gejeuk;
- floute.

Al hierdie newe-effekte is baie ernstig. Indien jy enige daarvan ondervind, mag jy ’n ernstige reaksie op NASACOR T gehad het. Jy mag dringend mediese bystand of hospitalisasie benodig.

Sê vir jou dokter indien jy enige van die volgende opmerk:

Algemene newe-effekte:

- irritasie en swelling aan die binnekant van jou neus (rinitis);
- seer keel (faringitis);
- griepsimptome;
- hoofpyn;
- neusbloeding (epistakse);
- hoes;
- inflammasie van die lugweë (brongitis);
- slegte spysvertering (dispepsie);
- tandversteuring.

Seldsame newe-effekte:

- perforasies van die wand wat die twee neusgange van mekaar skei (septum) binne in die neus.

Newe-effekte waarvan die frekwensie onbekend is:

- sukkel om te slaap (insomnia);
- duiseligheid;
- veranderings in smaak- en reuksintuig;
- dowwe visie;
- ondeurskynendheid van die lens van die oog (katarak);
- verhoogde druk in die oog (gloukoom);
- letsels op die retina (agterkant van die oogbal) (chorioretinopatie);
- nasale irritasie;
- droë slymvliese;
- toe neus;
- nies;
- sukkel om asem te haal (dispnee);
- voel mislik (naarheid);
- voel moeg;
- simptome van onttrekking van steroïedhormone;
- verlaagde bloedvlakke van die streshormoon (kortisol).

Bykomende newe-effekte by kinders:

- groeivertraging.

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, lig asseblief jou dokter of apteker daaroor in.

Rapportering van newe-effekte

Indien jy newe-effekte ondervind, bespreek dit met jou dokter of apteker. Jy kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via

- die Med Safety-toepassing (Medsafety X SAHPRA) en eRapportering-platform (who-umc.org), wat op SAHPRA se webwerf beskikbaar is of die
- CFAO Farmakowaaksaamheideenheid by chcsa-za-safety@cfao.com.

Deur newe-effekte te rapporteer, kan jy help om meer inligting rakende die veiligheid van NASACOR T te verskaf.

5. Hoe om NASACOR T te bewaar

- Bewaar alle medisynes buite bereik van kinders.
- Bêre by of onder 25 °C.
- Moenie gebruik ná die vervaldatum wat op die houer genoem word nie.
- Moenie ongebruikte medisyne in dreine en rioolstelsels (bv. toilette) wegdoen nie.
- Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

Wat NASACOR T bevat

Elke bottel NASACOR T bevat 16,5 g suspensie (met 9,075 mg triamsinoloonasetonied). Een afgemete dosis bevat 55 mikrogram triamsinoloonasetonied.

Die ander bestanddele is polisorbaat 80, mikrokristallyne sellulose en natriumkarboksimetielsellulose, watervrye dekstrose, dinatriumedetaat, soutsuur (vir aanpassing van pH), natriumhidroksied (vir aanpassing van pH) en gesuiwerde water.
NASACOR T bevat ook die preserveermiddel bensalkoniumchloried-oplossing.

Hoe NASACOR T lyk en inhoud van die verpakking

NASACOR T-neussproei is ’n afgemete dosis sproeipompeenheid wat ’n mikrokristallyne suspensie van triamsinoloonasetonied in ’n viskeuse, waterige medium bevat.
NASACOR T word in ’n wit hoëdigtheidpoliëtileenbottel (HDPE-bottel) met ’n afgemete dosis sproeipompeenheid verpak, in ’n buitenste karton. Elke bottel bevat 16,5 g suspensie, wat 120 aktuasies lewer.

Houer van Registrasiesertifikaat

CFAO Healthcare South Africa (Edms.) Bpk.

Atrium on 5th, 6de Vloer, Sandton City

h.v. Maude & 5de Straat

Sandton, Gauteng

2146

Hierdie inligtingsblad is laas hersien

23 Oktober 2023

Registrasienommer

29/21.5.1/0715

Datum van registrasie

12 Julie 1996

NAMIBIË

Skeduleringstatus: NS2

Registrasienommer: 04/21.5.1/0378